

KOM GROEI SAAM MET



Die kies van 'n loopbaan is 'n opwindende een maar dit bepaal ook die lewenswyse wat jy en moontlik jou gesin gaan lei. Dit is nie 'n keuse wat lighartig gemaak kan word nie en verskeie faktore moet in ag geneem word voor jy daardie belangrike keuse maak. Hierdie artikel is gerig om jou horison te verbreed en bekend te stel aan opsies wat jy dalk nie van bewus is nie.

Loopbaandeskundiges is van mening dat 'n hele paar faktore soos jou belangstellings, jou vaardighede, en talente 'n groot rol speel in die besluitnemingsproses. Daarby moet jou studies of vakkeuses op skool so gekies word om by jou toekomstige loopbaan aan te pas.

Daar bestaan legio loopbane in verskeie sektore, en so ook in die Landbousektor. Hierdie sektor is een van die konstante bydraers tot die land se Bruto Nasionale Produk en voedsel het sy belangrikheid tydens die onlangse Covid-19 grendeltydperk getoon. Landbou was een van die weinige sektore wat weens voedselsekerheid toegelaat was om tydens die grendeltydperk so normaal as moontlik te funksioneer.

Voedsel is een van die wêreld se grootste sosio-ekonomiese vraagstukke en elke regering se prioriteit. Dit maak die landbousektor as 'n volhoubare sektor 'n uitmuntende loopbaankeuse met werksgeleenthede oor die hele wêreld.

OVK is 'n landboumaatskappy met 'n bedieningsgebied wat feitlik oor die hele land versprei is met meer as 12 000 boere aandeelhouders. Die hoë potensiaal van die gebied en sy boere, en die gediversifiseerdheid van sy bedryfsvertakkinge, maak OVK 'n prominente rolspeler op verskeie terreine van die RSA-ekonomie.

OVK se diensgebied is veral in drie provinsies, Vrystaat, Oos-Kaap en Noord-Kaap en saam met die Veselafdeling ook nasionaal. Twee-en-vyftig handelstakke, van

Steynsrus in die noorde tot Port Elizabeth in die suide, Prieska in die weste en Elliot in die ooste word bedryf.

Nege sleutel gediversifiseerde dienste word aan die toegewyde landbouprodusent gebied wat weer deur 'n uitgebreide administratiewe korps ondersteun word. Tans is 1 800 permanente personelede in diens van OVK, wat ten spyte van die pandemie en sy invloed op die ekonomie, verhogings en winsdeling ontvang het.

Handel is die hoekpilaar waarop OVK se dienste gebou is en met 52 takke in drie provinsies bied dit vir kandidate wat 'n loopbaan in die handel oorweeg, 'n uitstekende geleentheid. Geleenthede vir verkoops personeel, kassiere, stoormanne en administrasie personeel is onder andere by handelstakke beskikbaar. Ses bandesentrums en brandstofverspreidings punte val ook onder die handelsafdeling.

Graanprodusente verteenwoordig 'n groot gedeelte van OVK se produsente en met 19 silo's is OVK 'n leier in die verkryging, berging en bemarking van graan soos mielies, sonneblom, koring en verskeie bone. Loopbane vir graanverkrygers, graanbemarkers, graangradeerders en silo bestuurders asook vir administratiewe poste kan in hierdie afdeling gevolg word.

OVK Vesel is een van die grootste hanteerders van sybokhaar in die wêreld en een van die grootste wolmakelaars in Suid-Afrika. Die wêreldgehalte hanteringsfasiliteite in Port Elizabeth beslaan 'n vloeroppervlak van meer as 80 000m². Die werwing van wol en sybokhaar word nasionaal gedoen en beroepe soos veselbemarkers, tegniese velddiensbeamptes en produksiebestuurders kan gevolg word. Die stoortfasiliteit bied weer geleenthede vir sorteerders, hyserdrywers, algemene werkers asook vir administratiewe personeel.

LOOPBANE IN LANDBOU



Vee- en algemene -veilings word landswyd aangebied en indien jy van die buitelewe en diere hou, is hierdie 'n ideale loopbaan om te volg. Lewende hawe bemarkers, veilingsklerke asook afslaers sorg dat veilings vlot verloop. Agter die skerms is 'n groep administratiewe personeel verantwoordelik dat betalings geskied en die veilings gekoördineer word.

Die seisoene van landbou maak dit soms moeilik vir die produsent om finansiële sy kontantvloeï te bestuur en daarom bied OVK verskeie finansiële produkte wat insluit produksierekeninge, termynlenings en voorskotte, dus maak hierdie afdeling die ideale bestemming vir die kandidaat wat in 'n finansiële adviserende rigting wil spesialiseer. Verskeie finansiële-administratiewe poste is ook vir dié met 'n rekenkundige agtergrond, beskikbaar.

Gewasse- en veeboere kan nie al die risiko's bestuur wat hul besigheid bedreig nie en daarom bied OVK met strategiese vennote versekeringspakkette aan wat insluit oesversekering, bate versekering asook gevreesde siektes vir vee. Indien die versekerings wêreld jou interesseer is hierdie afdeling die ideale plek om te begin. Geakkrediteerde deskundiges ontleed kliënte se portefeuljes om risiko en verskeringsbehoeftes te bepaal. Die adviseurs word ondersteun deur 'n groep bekwame administratiewe personeel.

Al hierdie dienste wat gerig is om die boer op die plaas te hou en hom behulpsaam te wees om voedsel te produseer, word deur verskeie afdelings ondersteun. Aankope verseker dat daar genoeg en verwante produkte op die rakke in die handelstakke is en krediteure se verantwoordelikheid is om die verskaffers binne ooreenge-

kome terme te betaal. Finansies hanteer die hele maatskappy se finansiële bedrywighede en sorg dat wetlike belastings en vereistes betaal en nagekom word.

Sou die regte jou interesseer, beskik OVK oor 'n Interne Regsafdeling wat regsaspekte van kontrakte tot invorderings hanteer. Menslike Hulpbronne is verantwoordelik vir die werwing, aanstelling, opleiding en ontwikkeling en betaling van permanente en tydelike personeel. Indien jy personeelbestuur studeer het, is hierdie afdeling net vir jou.

Inligtingtegnologie speel 'n belangrike rol in die daaglikse funksionering van die maatskappy. Programmeers en netwerkspecialiste verseker dat die rekenaartegnologie op datum bly en dat die meer as 100 bedryfspunte met mekaar kan kommunikeer.

Grafiese kuns, videografie en joernalistiek is tuis in die Bemaking en Kommunikasie afdeling. Hierdie afdeling se primêre taak is om die diverse dienste van die maatskappy aan bestaande en potensiële kliënte te bemark. Sosiale en gedrukte media word hier behartig. As jy uit die boks kan dink en kreatief is, sal jy hier baie tuis voel.

Die loopbaanrigtings is wyd versprei en OVK skep 'n geleentheid vir feitlik almal. Wil jy met mense werk, of met syfers, wil jy 'n rekenaarprogram ontwikkel of wil jy personeel oplei? OVK is 'n leier in die landbousektor en sal altyd 'n werkgewer van keuse wees.

Sou jy reeds jou studies voltooi het, besig is met jou studies of so pas skool verlaat het, OVK het 'n betrekking wat jou soos 'n handskoën sal pas.